

Bekendstelling van die Whispers from the Past CAL 2016



'n Ontwerp wat tradisionele steekpatrone gebruik maar met 'n moderne kinkel. Wel dan kan dit ook wees nie, want dis ek wat dit ontwerp!!

Ek is baie opgewonde en geëerd om hierdie ontwerp met julle te deel, as 'n CAL (crochet-a-long) in die [CAL-Crochet A Long](#) groep op Facebook.

My Nana het my geleer om te hekel, baie jare gelede, toe ek nog baie klein was. Ek het die wonderlikste herinneringe van komberse wat sy gemaak het met 'n baie eenvoudige vier kelk blom.

Ek wou die basis van hierdie ontwerp baseer op my gelukkigste hekel herinneringe, deur die gebruik van die kombinasie van tradisionele steekpatrone, maar deur my eie kinkel op hulle toe te pas. Ek wou ook die projek maklik maak vir enige iemand met enige vlak van ervaring. Elke week gaan ek van my herinneringe met jou deel, en die storie agter die steke wat jy gaan maak.

Die cal hou vir 9 weke aan, en die patroon sal onbepaald, gratis bly op my webblad.

Original Design by Helen Shrimpton ♥ Copyright © 2016 ♥ All Rights Reserved.

Elke week sal jy blokke of panele maak of rondom die hele projek werk.

Daar is ook vier verskillende hegtingsmetodes wat gebruik word in die projek, almal met volle foto begeleiding instruksies. Soos gewoonlik, met enige van my ontwerpe, wil ek jou aanmoedig om iets nuuts te probeer, om te leer en te groei.

Die klaar gemaakte kombens is 'n reghoek, maar daar is verskeie opsies vir jou om die vorm en grootte te verander om by jou kreatiewe of "inkruip waardigheid" aan te pas.

♥ Onthou asseblief dit is my ontwerp en dit word beskerm deur kopiereg wette. Jy mag die skakel na hierdie bladsy deel met enige iemand, jy mag die foto op geskrewe begeleiding druk vir eie gebruik, maar moet dit asseblief nie aanpas of verander in enige manier nie.

Respekteer my talent soos ek jou talent respekteer. ♥

Die Pret Begin op Donderdag die 13^{de} Oktober 2016

- ♥ Jy kan die patroon volg op my blog.
- ♥ Laai die volle foto begeleiding af (pdf).
- ♥ Laai 'n geskrewe patroon (pdf) met net 'n klein foto af.

Die patroon word vertaal deur 'n fenominale groep dames van die [CAL - Crochet A Long](#) groep op Facebook en word ook in verskeie ander tale vertaal.

♥ Handige Dinge

♥ **Begeleiding** ~ Die patrone van elke deel sal hier op my blog gepubliseer word, elke Donderdag aand ongeveer 7nm. VS tyd (UTC), dit is om almal rondom die wêreld die geleentheid te gee om oor die naweek te hekel.

♥ **Druk/PDF** ~ Jy sal verskeie opsies vir aflaai hê vir elke week se gedeelte op my blog. Jy gaan die keuse hê van die volle begeleiding of 'n eenvoudige geskrewe patroon.

♥ **Nuusbrief**. As jy nog nie het nie, maak seker jy skryf in op my nuusbriewe. Maak ook asseblief seker jy plaas my op die lys van veilige e-pos adresse, sodat jy nie 'n enkele stap in hierdie CAL mis nie,

♥ **Ravelry** ~ Voeg asseblief hierdie CAL by tot jou [Ravelry queue](#), en voel vry om deel te word van my [Ravelry group](#).

♥ **Facebook** ~ Maak seker jy loer in en word deel van die [Cal Crochet A Long](#) wat gaan optree

as die aanbieder van die Whispers from the Past Cal 2016, jy sal altyd vind hier is vriendelike, nuttige raad en advies wat jou gemotiveerd hou.

Moenie vergeet om my [Facebook blad](#) te "like" en te volg vir inligting oor hierdie CAL en ander projekte waaraan ek werk.

♥ **Vertalings** ~ Ek is baie opgewonde om aan te kondig dat my CAL in verskeie tale vertaal gaan word deur 'n fenominale span dames van die [CAL - Crochet A Long](#) groep op Facebook.

♥ Vertalings

Vertalings van hierdie stuk sal opgelaai word soos dit beskikbaar word.

Ek sien uit na die internasionale projek en die ongelooflike energie wat die hekel gemeenskap met mekaar deel.

♥ Steek afkortings en Spesiale steke

VS standaard afkortings word gebruik in hierdie patroon.

'n Afkorting kaart is ingesluit op die voorblad van elke deel van die CAL.

Daar sal ook gedetailleerde instruksies oor hoe om spesiale steke in die patroon vir elke rondte.

♥ Moeilikheidsgraad

Ek moedig almal aan van enige vlak van ondervinding om hierdie projek aan te pak.

♥ Wat gaan ek nodig hê?

Wag 'n oomblik..... eers bietjie inligting oor wat ek gebruik het en wat beskikbaar is vir jou om my te volg.

♥ Wol opsies

Hierdie CAL word geborg deur Stylecraft Yarns.

Daar is 4 wol pakke beskikbaar om te koop gebruik Stylecraft Special Double knit or Aran, hierdie is goeie kwaliteit akriel en my gunsteling wol om mee te werk.

Die hoof winkels om van te bestel is Deramores, en Wool Warehouse.

Die skakels om die wol pakke vanaf te koop kan op die hoof bekendstelling pos op my webblad gevind word.



♥ Pretty Pastels

Sagte pastel kleure, herinneringe van die jare 50's (voor my tyd!)

Die gedagtes en gevoel agter hierdie kleure is van 'n sagte outydse voorkoms, van Soda Fonteine, en die vroeër dae van "Rock and Roll", dink aan groot hare en "groot" rompe soos jy jou weg "jive" deur hierdie kleur pak.

Hierdie pak sluit in: Stylecraft Special Double Knitting

Duck Egg x 3, Cream x 3, Wisteria x 3, Soft Peach x 2, Lemon x 2.



♥ Paint Box

Helder hippie kind kleure, die verf boks van die inner kind, die kleure van die 60's. Toe almal geleer het om hulself vrylik uit te druk, om uit die boks te klim en die lewe te geniet met die onskuldigheid van 'n kind. Iets wat ons almal so gereeld as moontlik moet doen!

Hierdie pak sluit in: Stylecraft Special Double Knitting

Bluebell x 3, Aspen x 2, Pomegranate x 2, Violet x 2, Shrimp x 2, Saffron x 2.



♥ Brown Sugar

Dink aan die 70's, die Rolling Stones, toe alles "groovy" was. Ek het fantastiese herinneringe van hoe ek geleer het om sakke vir myself te hekel en hierdie was die "in" kleure. Selfs my kamer was in die kleure getooi!

Hierdie pak sluit in: Stylecraft Special Aran

Parchment x 6, Dark Brown x 5, Copper x 4, Camel x 4, Gold x 3.



♥ Purely Patriotic

Vir my is Rooi, Wit en Blou iets wat meeste van ons iewers in ons lewens geraak het.

Ek onthou in die 80's het ek die kleure baie gedra!

Ingesluit is die "ra-ra" rompies en sweetpakke, en ook die "Nike" tekkies, maar nie alles op die selfde oomblik nie!!

Hierdie pak sluit in: Stylecraft Special Aran

Cream x 14, Pomegranate x 4, Denim x 4.

Die klaargemaakte grootte van die kombes is ongeveer:

- ♥ Double Knitting met 'n 4mm hekelpen: 51 ½ duim x 63 duim / 131 cm x 160 cm
- ♥ Aran /Worsted met 'n 5.5mm hekelpen: 68 duim x 81 duim / 172 cm x 204 cm.

Vir die wat jul eie ding doen, jy gaan benodig (ongeveer):

- ♥ Double Knitting weight 3835 m/4186 yards
- ♥ Worsted/Aran weight 4312 m/4708 yards

Onthou asseblief dat elkeen se werkspanning verskil dis waarom hierdie net geskatte hoeveelhede is.

Laat speeling toe vir kleur veranderinge en kry eerder meer as minder.... dit is altyd beter om bietjie meer te hê as om uit kleur of wol te hardloop en dat dit nie altyd moontlik is om weer van die presiese kleur lot te kry nie en die kleur kan skielik nie meer beskikbaar nie... ja dis genoeg om jou vreeslik ongelukkig te maak!!

Ek sien uit daarna om meer gelukkige hekel tye saam met jou te deel.

*Love
Helen x*